Remgro

Remgro Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro")

Bepalingsaankondiging ten opsigte van die verkoop deur Remgro van sy totale of 'n gedeeltelike belang in Absa Groep Beperk ("Absa") ("die verkoop")

---

1. **INLEIDING**

   Rand Aksepbank, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk ("RAB") is gemagtig om aan te kondig dat Remgro op 5 Mei 2005 'n ooreenkoms met Barclays Bank PLC ("Barclays") gesluit het in terme waarvan Remgro onderneem het om sy totale of 'n gedeeltelike belang in Absa te verkoop. Remgro, deur sy volfiliaal, Financial Securities Beperk, besit 61.4 miljoen gewone aandele, synde 9.3% van die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal in Absa.

   Vir meer inligting word Remgro-aandeelhouers verwys na die gesamentlike aankondiging wat Absa en Barclays op 9 Mei 2005 op SENS vrygestel het ('die gesamentlike aankondiging").

2. **BEWEEGREDE VIR DIE VERKOOP**

   Remgro het tans 'n wesenlike blootstelling aan die Suid-Afrikaanse finansiëledienstesektor deur sy strategiese beleggings in twee mededingende groepe, naamlik Absa en die FirstRand-groep. Die verkryging deur Barclays van 60% in Absa ("die Barclays-transaksie") bied aan Remgro die geleentheid om 'n wesenlike deel en moontlik sy totale belang in Absa teen gunstige terme te realiseer.

   Na implementering van die Barclays-transaksie sal Remgro steeds 'n beduidende blootstelling in dié sektor behou, hoofsaaklik deur sy aandeelhouding in die FirstRand-groep.

3. **BEPALINGS VAN DIE VERKOOP**

   3.1 **Verkoopsteenprestasie en meganisme**

   Die Barclays-transaksie word deur twee wedersyds voorwaardelike prosesse geïmplementeer:

   - 'n reëlingskema kragtens artikel 311 van die Maatskappywet ingevolge waarvan Barclays 32% sal verkry van die Absa gewone aandele wat deur elke Absa gewone aandeelhouer besit word, uitgesluit die Absa Groep Beperk Aandele-aansporingskematrust en Barclays en sy filiale, buiten in soverre hulle Absa-aandele namens derde partye besit; en
   - 'n gedeeltelike aanbod deur Barclays om 'n bykomende 28% van die Absa gewone aandele te verkry wat deur elke Absa gewone aandeelhouer besit word.

   Die teenprestasie wat aan Absa gewone aandeelhouers betaalbaar is vir elke gewone aandeel verkoop, is R82.50 plus die reg om die finale dividend van R2.00 te ontvang wat Absa ten opsigte van sy finansiële jaar tot 31 Maart 2005 verklaar het. Die totale kontantteenprestasie, insluitende die voorgenoemde dividend, sal dus R84.50 per aandeel wees.

   3.2 **Effektiewe datum**

   Die effektiewe datum van die verkoop word bepaal deur die inwerkingtredingsdatum van die reëlingskema en die rekorddatum van die gedeeltelike aanbod. Die datums sal in toekomstige aankondigings deur Absa bekendgemaak word.

   3.3 **Bykomende aandele aangebied**

   In soverre Barclays nie voldoende aanvaardings verkry om die vereiste aandeelhoudingsvlak van 60% in Absa te behaal nie, het Remgro ingestem om bykomende Absa-aandele, tot en met Remgro se totale aandeelhouding, aan te bied as deel van die gedeeltelike aanbod. Barclays sal sodanige bykomende aandele van Remgro verkry op dieselfde bepalings en voorwaardes as alle ander Absa-aandele wat aan die Barclays-transaksie onderworpe is.

4. **FINANSIËLE UITWERKING OP REMGRO**

   Die pro forma finansiële uitwerking van die verkoop is slegs ter illustrasie opgestel en word hieronder uiteengesit:

	Aantekening	Kolom 1 Voor die verkoop (sent)	Kolom 2 Na die verkoop (sent)	Ver-andering (%)
Verdienste per aandeel	1	723.9	1 063.3	46.9
Wesensverdienste per aandeel	1	492.0	467.6	(5.0)
Netto batewaarde per aandeel	2	6 406	6 890	7.6
Netto tasbare batewaarde per aandeel	2	5 752	6 236	8.4
Getal uitgereikte aandele (miljoen)				496.2
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (miljoen)				500.4

Aantekeninge:

1. Kolom 1 weerspieël die ongeouditeerde verdienste en wesensverdienste per aandeel vir die ses maande geëindig 30 September 2004. Kolom 2 weerspieël die effektiewe verdienste en wesensverdienste per aandeel vir die ses maande geëindig 30 September 2004 gebasseer op die volgende hoofveronderstellings:
   - die verkoop het effektief 1 April 2004 plaasgevind;
   - slegs 60% van Remgro se aandeelhouding in Absa word aan Barclays verkoop;
   - die verkoopsopbrengs is belê in rentedraende bates teen 'n gemiddelde nabelastekoers van 5.3%.
2. Kolom 1 weerspieël die ongeouditeerde netto batewaarde en netto tasbare batewaarde per aandeel op 30 September 2004. Kolom 2 weerspieël die effektiewe netto batewaarde en netto tasbare batewaarde per aandeel op 30 September 2004 op die veronderstelling dat die transaksie op 30 September 2004 geïmplementeer was.
3. Die netto batewaarde toeskryfbaar aan 100% van Remgro se aandeelhouding in Absa op 30 September 2004 was R1 994 miljoen. Die netto wins na belasting vir die ses maande geëindig 30 September 2004 toeskryfbaar aan 100% van Remgro se aandeelhouding in Absa was R226 miljoen.

5. **OPSKORTENDE VOORWAARDES**

   Die verkoop is onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes. Aandeelhouers word verwys na die gesamentlike aankondiging deur Absa en Barclays in dié verband.

6. **AANWENDING VAN DIE VERKOOPSOPBRENGS**

   As gevolg van die onsekerheid aangaande die getal aandele wat Barclays by Remgro sal verkry en die feit dat sekere opskortende voorwaardes nog nie nagekom is nie, sal Remgro bykomende inligting oor die moontlike aanwending van die verkoopsopbrengs verskaf wanneer die jaarlikse finansiële resultate teen die einde van Junie 2005 gerapporteer word.

Remgro Beperk
Stellenbosch
9 Mei 2005

RAND AKSEPBANK
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk
KORPORATIEWE FINANSIERING

Aksepbank en borg vir Remgro

INCE